# HOOFSTUK II

## BESONDERE ASPEKTE VAN GELOOFSEKERHEID

## A

## ENKELE ASPEKTE VAN GELOOFSEKERHEID NADER TOEGELIG

### 1.0 Die noodsaaklikheid van geloofsekerheid

### 1.1 Die Here roep daartoe op

Dit is 'n onweerlegbare feit dat die Heilige Skrif met groot nadruk op die noodsaaklikheid van die geloof (-sekerheid) wys. [1] Daarmee word egter nie 'n wettiese of deterministiese MOET bedoel nie maar wel dat daar uit die Skrif 'n roeping tot geloof uitgaan. Dis of die Here wil voorkom dat die mens lydelik, neutraal sal wees; daar is in die Skrif 'n voortdurende aandrang om tot geloof te kom te bespeur: Die mens moet sy saligheid uitwerk met vrees en bewing, omdat dit God is wat in hom werk om te wil en te werk na sy welbehae. [2]

Hoe waar dit ook is dat die heil van God, wat na ons kom in die wonder van versoening, op haas alle bladsye van die Skrif geskryf staan, word dit nie ons eie anders as deur die geloof nie. Die soewereine genade van God "moet" in die geloof aangeneem word. Daar word blykbaar, sê Berkouwer, "in de Schrift over het heil Gods niet gesproken of het wordt voortdurend op dit geloof betrokken". [3]

---

1. Berkouwer, G.C. Geloof en rechtvaardiging, p. 195; vgl. ook Feenstra, J.G. De zekerheid des geloofs, pp. 19, 20; vgl. verder ook Hebr. 6:11; 2 Pet. 1:10 ens.

2. Fil. 2:13.

3. Berkouwer, op. cit., p. 195; vgl. Ps. 27: Die digter, so verklaar Berkouwer, weet van die soewereine van God se genade. Die Here is my lig en my heil! Maar daarby kom ook die noodsaaklikheid van die geloof: "As ek nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie!"

Uit wat vroeër gesê is, volg vanself dat hier alleen die saligmakende geloof bedoel word [4], wat as wesenshoedanighede kennis, vertroue en sekerheid het. Oral waar geloof vereis word, word ook kennis, vertroue en sekerheid geïmpliseer. Ten opsigte van laasgenoemde hoedanigheid kan nou [5] gekonkludeer word dat hoewel die Skrif ons tot geloof oproep daar soms nog twyfel by ons aanwesig is, en dat dít nie die ideaal is nie; na sekerheid moet gestrewe word!

In die lig hiervan is Kuyper se uitspraak oor die wese en welwese van die geloof nou ook duideliker, naamlik "dat de boom in de winter niet leeft, zo hij niet spoedt naar de lente om weer uit te botten, en dat aldus het nog aanwezig zijn van het geloofswezen slechts in het spoeden naar het welwezen openbaar wordt". [6]

Geloofsekerheid is dus noodsaaklik.

### 1.2 Die praktyk roep daartoe op

Ook in ander, praktiese sin is geloofsekerheid noodsaaklik. Wie nog twyfel, het uiteraard nog te veel met sy eie innerlike te doen dat hy aan "de werken der liefde tot God en den naaste aandacht zouden kunnen wijden". [7] Wie egter God op sy woord neem, sy beloftes glo en dus verseker is dat hy 'n kind van God is - deur genade - kan vry rondom hom sien, onbevange alle goeie gawes geniet en op alle terreine vanuit sy Christus-herbore hart die aarde onderwerp en beheers tot verheerliking van God. [8]

Die geloofsekere mens is mens in volle, waaragtige sin. Hy doen wat sy hand vind om te doen. Hy is mens-van-God, vir alle goeie werk volmaak toegerus - ook vir onderwys! Bavinck som dit treffend op: Die geloof is nie slegs die weg van die saligheid nie, dit is ook

---

4. Marais, S.J.L. Die heilsweg, p. 17.
5. Vgl. bespreking: hfst. I, B.4.1-4.7; d.i. pp.9-13.
6. Kuyper, A. Het werk van den Heiligen Geest, p. 511.
7. Bavinck, H. De zekerheid des geloofs, p. 98.
8. Vgl. Strauss, H.J. Christelike wetenskap en Christelike onderwys, p. 18.

die oorwinning van die wêreld. [9]

### 1.3 Die psigologiese noodsaaklikheid van geloofsekerheid

Rümke het implisiet, maar ook met soveel woorde verklaar dat geloof by psigiese gesondheid hoort. [10] Dat dié oortuiging uitgespreek is deur 'n psigiater "heeft velen goed gedaan". [11] Dit is 'n bevestiging vanuit die terrein van die sielkunde van 'n teologies-antropologiese waarheid wat Bavinck reeds aan die begin van hierdie eeu op so 'n treffende wyse gestel het dat dit hier volledig weergegee word: "Om getroost te leven en zalig te sterven hebben we behoefte aan zekerheid aangaande dingen, die boven, die onzienlijk en eeuwig zijn. Wij moeten weten, wie en wat wij zijn en waar wij henengaan. Wij behoeven er zekerheid van, dat onze persoonlijkheid meer is dan een golf in den oceaan ... wij hebben noodig te weten, dat God is en dat Hij onze God is, dat wij met Hem zijn verzoend en daarom zonder verschrikking den dood en het oordeel tegemoet kunnen treden. Hierin hebben wij voor en boven alles zekerheid van noode. Dat is de diepste, zij het ook dikwels onbewuste en onbegrepen behoefte der menschelijke ziel."[12]

### 1.4 Die Westerse beskawing se nood roep om geloofsekerheid

Verlies van geloof kenmerk die krisis van ons beskawing. Dit is reeds deur Jaspers beweer en word deur van Riessen bevestig. [13] Laasgenoemde wys op die futiele stryd van die Weste om kommunisme lam te lê en weer die inisiatief te herwin as 'n bewys van die verlies van geloof.

Nog nie 50 jaar gelede nie het Freud godsdiens en geloof bestempel as 'n neurose wat gebore is uit

---

9. Bavinck, H., op. cit., p. 102.

10. Rümke, H.C. Karakter en aanleg in verband met het ongeloof. p. 12: "Ongeloof is een ontwikkelingstoornis".

11. Van den Berg, J.H. Psychologie en geloof, p. 65.

12. Bavinck, H., op. cit., p. 12.

13. Vgl. Van Riessen, H. The power and the crisis of science (In Christian perspectives, 1960, p. 36).

psigologiese frustrasies. Maar vandag is selfs humaniste pynlik daarvan bewus dat dit 'n leuen is. Hulle besef dat ons beskawingskrisis 'n neurose is wat gebore is uit 'n gebrek aan geloof [14] in die betekenisvolheid van die werklikheid.

Die enigste oplossing lê in die herstel van geloof. Dié geloof wat alleen ons beskawing kan red, maak die mens algeheel afhanklik van God. Dit is die geloof wat die poorte na ware vryheid, naamlik vryheid in God, open. Dit is ook die geloof wat teenoor die twyfelsug van ons tyd die sekerheid stel.

## 2.0 Die fondament van geloofsekerheid

### 2.1 God Self

Augustinus het treffend gesê dat die mens se hart onrustig is totdat dit rus vind in God. Die fondament van geloofsekerheid is die Drieënige God. [15] Dit is duidelik dat die grondslag van sekerheid aangaande die ewige lewe nie 'n menslike woord of resultaat van wetenskaplike ondersoek, geen ideaal deur ons verbeelding gevorm, geen stelling deur menslike redenering gebou kan wees nie, want al hierdie is feilbaar. Die godsdienstige sekerheid kan alleen rus op 'n woord van God. Goddelike openbaring en dus goddelike gesag is die grondslag van geloofsekerheid.

Sekerheid kan nie verkry en die mens se siel kan nie volkome rustig wees of bevredig word deur 'n feilbare outoriteit nie. Dit is God nie! Hy is die "Waaragtige", die "Getroue" wat aan sy volk gee wat Hy van hulle eis, voor Wie die mens uitroep: Ek glo Here, kom my ongeloof te hulp.

Die sekerheid lê in Hom vas.

### 2.2 Die uitverkiesing

Calvyn wys daarop dat die oorsaak van ons saligheid geleë is in die liefde van God wat vra dat ons altyd ons oë sal rig op sy genadige uitverkiesing, wat

---

14. Vgl. loc. cit.

15. Vgl. Feenstra, J.G., op. cit., p. 26.

die "bron en beginsel" is van al sy weldade. [16] Die uitverkiesing is dus 'n verdere aanduiding dat die mens se saligheid nie op verdienste nie maar in God se genade rus. Dat die geloof in die verkiesing sy grondslag het, bring ook mee dat dit nie verliesbaar is nie (vgl. Rom. 8:29, 30) - ook dit hou versekering in.

2.3 Die beloftes van God

Sowel Calvyn as die Heidelbergse Kategismus [17] verklaar dat die genadige beloftes die fondament van die geloof is, want daarop berus dit eintlik. Dit is die Evangelie met sy belofte van skuldvergewing deur Christus Jesus, maar dis ook alle beloftes van God vir die teenswoordige en toekomende lewe. [18]

In ooreenstemming hiermee verklaar die Dordtse Leerreëls dat die versekerdheid nie uit enige besondere openbaring spruit (soos wat Rome in hoogs uitsonderlike gevalle moontlik ag) of buite die Woord om nie maar uit die geloof aan die beloftes van God wat Hy in sy Woord aan ons geopenbaar het. [19]

Kennis van God se beloftes, van sy Woord dus, is gevolglik essensieel vir geloofsekerheid. En enigiets wat hierdie Woord bevraagteken, bv. die Skrifkritiek of "ontmitologisering" [20], is 'n aantasting van die fondament van geloofsekerheid. In dié verband wys Heyns ook op die stryd wat ontbrand het rondom Bultmann en Robinson: "Die ou spoke van die vorige eeu word weer opgeroep deur middel van eksistensialisering en mitologisering van die Woord van die Here." [21] Ons gaan 'n tyd tegemoet wat as sorgwekkend beskou kan word.

---

16. Institusie III, 14, 21; vgl. ook Dordtse Leerreëls I, 9.

17. Vgl. Wiersinga, W.A. Gods werk in ons, p. 57.

18. Loc. cit.

19. V, 10.

20. Heyns, J.A. Die Evangelie in krisis, p. 13 e.v.

21. Heyns, J.A. Karl Barth en die "Europa-Siekte". Die Kerkbode, 117: 1446-1447, 17 November 1965.

2.4 Die werk van die Seun

a) Die dood van die Seun is die enigste en volmaakte offerande en genoegdoening vir die sondes. [22] Hoewel sy offer genoegsaam is vir alle mense, is dit egter alleen bestem vir en word dit toegepas aan die uitverkorenes. [23] Soveel glo as wat in Christus tot die ewige lewe uitverkies is, en dié wat in die Seun glo, het die ewige lewe! [24]

Omdat ons dan rus in die volbragte werk van die Seun, kan ons van ons saligheid seker wees. Op sý werk is die geloofsekerheid gefundeer. [25]

b) Van Christus, in sy staat van verhoging, ons Voorspraak by die Vader, verklaar Paulus dat Hy "ook vir ons bid". [26] Jesus het dit Self gesê. [27] Hy is op dié wyse ons Middelaar. As ons 'n middelaar soek "wat mag en aansien het", verklaar die Nederlandse Geloofsbelydenis, "wie is daar wat daarvan soveel besit ... en wie sal eerder verhoor word as ons eie, welbeminde Seun van God?" [28]

Op grond van hierdie oorwegings moet die gelowige vrymoedigheid hê om deur die bloed van Jesus in die heiligdom in te gaan "... in volle geloofsversekerdheid". [29] Die voorbidding van Christus staan dus in die allernouste verband met die geloofsekerheid. [30]

2.5 Die werk van die Heilige Gees

Paulus verklaar dat die Gees saam met ons gees

---

22. Dordtse Leerreëls: II, 3.
23. Feenstra, J.G., op. cit., p. 31.
24. Vgl. 1 Joh. 5:11, 12.
25. Jansön, M. Sodat julle kan weet, p. 33.
26. Rom. 8:33, 34.
27. Joh. 17:9.
28. Art. 26.
29. Loc. cit.
30. Feenstra, J.G., op. cit., pp. 21-22.

getuig dat ons kinders van God is. [31] Daarmee bedoel hy enersyds dat die Gees hierdie getuienis uitwendig deur die Woord voltrek, en andersyds dat die Gees dan tegelyk 'n sekere inwendige getuienis in die hart van die gelowige bewerkstellig. [32] Die Gees kom van buite met en deur die Woord na die mens en bewerk ook in die mens dat hy die Woord aanvaar.

Besonderlik is dit dié inwendige getuienis, naamlik dat ons kinders en erfgename van God is, wat ons sekerheid verstewig. [33] Maar hierby is die hoor van die beloftes van God, dus van die Woord, essensieel.

Die Heilige Gees is nie alleen Bewerker van die geloof nie; Hy lyf die gelowiges deur 'n ware geloof in Christus in - soos die loot by die wynstok - en verseël of waarmerk hulle as Christus se eiendom. [34] Daarom verklaar die Heidelbergse Kategismus met reg dat Christus ons deur die Heilige Gees verseker van die ewige lewe. [35] Om die gelowiges al hoe meer te verseker van hulle verkiesing, maak Hy gebruik van die weg van oefening van 'n goeie gewete en goeie werke. [36] Namate hulle geloof vrug dra sodat hulle wandel in die weë van God, na dié mate word hulle geloofseker. [37] En dit is die werk van die Heilige Gees in hulle.

## 3.0 Verbandlegging

### 3.1 Tussen genademiddele en geloofsekerheid

God wil dat die genademiddele dankbaar en getrou gebruik moet word - ook vir die sekerheid van die

---

31. Rom. 8:16.

32. Ridderbos, H. in sy Romeine-kommentaar - aangehaal deur Jansön, op. cit., p. 35.

33. Vgl. 1 Joh. 3:24 en 4:13; vgl. ook 1 Kor. 12:3: "Niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees".

34. Feenstra, J.G., op. cit., p. 34.

35. Sondag 1.

36. Feenstra, J.G., op. cit., p. 36.

37. Loc. cit.

geloof. [38]

a) Die Woord [39]

Vroeëre verwysings na die verband tussen die Woord en geloofsekerheid moet nou gesistematiseer en aangevul word.

1) Verwaarlosing van die Woord gee gevolg aan onkunde in verband met God en sy beloftes en laat die geloofsekerheid gevoglik taan. Daarom sê Wiersinga tereg dat getroue omgang met die Woord nodig is sodat - as die geloof in die sorge van die lewe aangeveg word deur vrees vir die toorn van God - die Woord daarteen die versekering inbring dat Hy in liefde kasty. [40] Dit is maar een voorbeeld van onkunde as gevolg van verwaarlosing van die Woord.

2) Ondergrawing van die gesag van die Woord, soos bv. deur die Hoëre Kritiek of deur "ontmitologiseringsteoloë" soos J.A.T. Robinson, Rudolf Bultmann [41], Fritz Buri, Schubert M. Ogden e.a., of deur die teoloë van die "God is Dead Movement" in Amerika, of deur die sg. "neutrale" massakommunikasiemiddele van ons tyd: koerant, tydskrif, radio, rolprent, televisie, ens. ens. wat die geloof aanval.

3) Verwerping van die Woord deur wysgere soos Friedrich Nietzsche, Jean-Paul Sartre, Maurice Merlau-Ponty, of deur die Kommunisme wat openlik die einde van die Christelike godsdiens wil verwerklik.

Dit is duidelik dat teenoor hierdie magte wat twyfel en onsekerheid skep sekerheid alleen in allernouste omgang met die Woord gevind kan word.

---

38. Id., p. 41.

39. Vir diepgaande inligting: vgl. Bremmer, R.H. De Heilige Schrift als Woord Gods (Naar aanleiding van G.C. Berkouwer: De Heilige Schrift I). In die Skriflig, 1: 11-30, Okt. 1966.

40. Wiersinga, W.A., op. cit., p. 65.

41. Van der Walt, S.P. Die nuwe moraal. In die Skriflig, 1: 4-10, Okt. 1966.

b) Sakramente

Vir die doel van ons studie is dit nie nodig om breedvoerig in te gaan op die verband tussen geloofsekerheid en die gebruik van die sakramente nie.

Daar is twee sakramente: die doop en die nagmaal. [42] Die Dordtse Leerreëls verklaar dat die goddelike genadewerk in ons "bewaar, agtervolg en volbring" word onder andere deur die gebruik van die sakramente. [43] In noue aansluiting hierby leer die Nederlandse Geloofsbelydenis dat God die sakramente verorden het om aan ons sy beloftes te verseël "... en ook om ons geloof te voed en te onderhou". [44] Dit is by die Woordverkondiging gevoeg om des te beter (o.a.) in ons die saligheid wat Hy ons meedeel vas en seker te maak.

Noue omgang met die Woord en getroue gebruik van die sakramente gaan saam met geloofsekerheid.

3.2 Tussen gebed en geloofsekerheid

Die gebed is 'n kragtige middel om te kom tot versterking van geloof en oorwinning oor twyfel [45]; dis trouens onmisbaar vir geloofsekerheid. [46] Die gebed gryp die beloftes van God aan, wat voorwerp en fondament van geloofsekerheid is, bou daarop en dra hulle ootmoedig aan God voor en hou hulle in die geloof vas. [47] Om werklik te bid is inderdaad 'n werk, 'n geloofswerksaamheid. Hierin, volgens Zuidema, word die wyse goedheid van God geopenbaar: Deur aan ons die gebed te gee en ons te beveel om te bid, skep Hy 'n werkgeleentheid vir ons geloof. En volgens die wet van alle arbeid word die geloof juis deur só te werk gespier en gestaal en groei dit uit tot volle wasdom. Die gebed is die strydperk wat God aan ons geloof gee om daarin te stry

---

42. Visser, Het geloof der vaderen, p. 173.

43. I, 14.

44. Art. 33.

45. De Bruyn, P.J. Twyfel by die gelowige, p. 74.

46. Vgl. Feenstra, op. cit., p. 44.

47. Vgl. Treurnicht, A.P. God hoor die gebed, p. 45.

teen die vyande van die geloof: twyfel, vrese, onsekerheid, kleingeloof. [48]

Vir die gebedslewe is verder nodig dat die Heilige Gees deur die Woord die gelowige se bewussyn sal verlig. Daarom kan gesê word:

i) daar is geen gebed sonder geloofskennis nie. [49]

ii) Verder moet die gelowige ook weet hoe om te bid - ook dít leer hy uit die Woord. [50]

iii) So skakel die omgang met die Woord, gebed en geloofsekerheid dan ten nouste met mekaar - soos ook blyk uit die feit dat as die dinge van die Koninkryk wasig word die gebedslewe dan ook verarm, die sekerheid taan en die twyfel opbloei.

3.3 <u>Tussen werke uit die geloof en geloofsekerheid</u>

Geloofsekerheid kan die ware gelowiges nie sorgeloos, hoogmoedig of lydelik maak nie, want dis juis "'n ware wortel" van "ware godsaligheid". [51] Meer nog: die oordenking van hierdie weldaad van God is 'n prikkel om dankbaar te lewe en goeie werke te beoefen. Die Gees van Christus begeer ook met jaloersheid dat Christus in die gelowige al hoe meer gestalte moet kry, en dis Hy wat stry en vermaan en uitlei tot voller oorgawe, aflegging van sondes en groter toewyding en diensbaarheid. [52]

Vanuit die gesigspunt van die menslike verantwoordelikheid gesien, moet die mens bewustelik homself diensbaar aan God stel. Hierdie geloofsgehoorsaamheid, wat geloofswerke of goeie werke as vrug het, is belangrik omdat die geloofsekerheid daardeur groei. [53]

---

48. Vgl. Zuidema, S.U. Ons gebed, pp. 146-149; vgl. ook De Bruyn, op. cit., pp. 74-76.

49. Vgl. Harder, R.C. De Heilige Geest en het gebed (<u>In</u> Bavinck, J.H. e.a. De Heilige Geest), p. 387.

50. Luk. 11:1-4; 2:40-46; Ps. 102, 90. ens.

51. Dordtse Leerreëls: V, 12.

52. Vgl. Treurnicht, A.P. Die Heilige Gees, p. 48.

53. Id., p. 68.

Want hoe meer 'n persoon uiterlik groei in die Here en vrugte van geloof en bekering voortbring, hoe duideliker word dit dat hy ook innerlik vaster gebind is aan die Here; derhalwe sal hy van sy uitverkiesing en saligheid ook veel meer sekerheid hê. [54)]

Teenstellend: Op die akker van 'n slordige, verwaarloosde en onoorgegewe lewe groei die twyfel welig.

3.4 Tussen die eer van God en geloofsekerheid

Dit gaan by die saak van geloofsekerheid primêr om die eer van God, want dit gaan hier oor die vraag: Wie het gelyk: die natuurlike mens of God? Word God op sy woord geneem en is die gelowige gevolglik seker van sy ewige saligheid? Die gelowige se antwoord moet wees: Ja!

Die Vader moet in die gelowige se sekerheid geëer word, want sonder verdienste van die mens se kant het Hy hom in Christus uitverkies.

Die Seun moet in die gelowige se sekerheid verheerlik word, want dis Hy wat die Bewerker van dié geloof is, die weldade van Christus aan ons toepas, ons lei en verseker van 'n ewige lewe.

Deur seker te wees van al hierdie waarhede eer die gelowige God-Drieënig op Wie se woord dit aanvaar word. Die geloofsekerheid werk God, in die diepte gesien, Self - en so sorg Hy Self vir die verheerliking van sy Naam. [55)]

4.0 Die groei van geloofsekerheid

Calvyn onderskei verskillende trappe in die geloof. Hier word gedink aan die later veel voorkomende onderskeid tussen toevlugnemende en versekerde geloof as gevolg waarvan vele die eersgenoemde tot die wese en laasgenoemde tot die welwese van die geloof gereken het. [56)] Dit kan wees, meen Kuyper, dat die geloofsplant in die een mens sterker is as by die ander.

---

54. Vgl. De Bruyn, op. cit., p. 90.

55. Feenstra, J.G., op. cit., p. 45.

56. Kuyper, A., op. cit., p. 511.

By die een is bloeisel en vrug en word die welwese van die geloof dus gevind. By die ander is die groei 'n op- en neergang en kommervol; dan is by hulle wel die wese van die geloof aanwesig, maar nie die welwese nie.

Daar kan ook 'n oorgang wees van die welwese na die wese, soos na die lente en somer die herfs volg. Daarop laat Kuyper volg: "En nu hebben onze vaderen tot troost der ziel er steeds op gewezen en dit doen ook wij, dat voor de zaak der zaligheid niet de eis mag worden gesteld, dat ieder het welwezen hebbe, mits maar het wezen des geloofs er zij. Al voegen wij er met nadruk bij, wat ook steeds onze vaderen erbij voegden, dat die boom in de winter niet leeft, zo hij niet spoedt naar de lente ... en dat aldus het nog aanwezig zijn van het geloofswezen slechts in het spoeden naar het welwezen openbaar wordt." [57)]

Uit bostaande kan reeds 'n groeiproses vir die geloof afgelei word. Calvyn leer dat die Gees nie net 'n Beginner van die geloof is nie dog dit ook trapsgewyse vermeerder totdat Hy ons deur die geloof in die hemelse Koninkryk bring. [58)] Wurth praat van 'n "opwassen in de genade." [59)]

Hoewel dit nou duidelik is dat die geloof 'n ontwikkelende en organiese karakter vertoon, moet tog niks afgedoen word aan die sekerheid as 'n wesenlike eienskap van die geloof nie, want "as soon as the minutest particle of faith is instilled into our minds, we begin to behold the face of God ..., far off, indeed, but still so distinctly as to assure us that there is no delusion in it". [60)] Namate die gelowige dan - soos hy voortdurend behoort - vordering maak, kry hy 'n steeds naderbye visie wat daarom des te sekerder word. "Thus we see that a mind illumined with the knowledge of God is at first involved in much ignorance - ignorance, however, which is gradually removed." [61)]

---

57. Kuyper, A., op. cit., pp. 511-12.

58. Institusie III, 2, 33.

59. Brillenburg-Wirth, G. Christelike zielszorg, p. 174; vgl. ook sy Korte Verklaring op Rom. 1:17.

60. Calvyn, Institusie III, 2, 19 (vertaald).

61. Loc. cit.

Twee gedagtes blyk hieruit duidelik, te wete

a) dat daar beslis 'n ontwikkeling in die geloof is en dat dié ontwikkeling ook vir die sekerheid van die geloof geld [62];

b) dog aan die anderkant is die sekerheid van die begin af aan die geloof eie. Want ondanks die onwetendheid of onkunde wat daar by die begin van die geloof is [63], word die geloof nie - ook nie by die aanvang nie - verhinder om 'n duidelike kennis van God te wil hê, wat in die geloof die eerste en vernaamste rol speel. [64]

Calvyn gebruik, om hierdie stelling te illustreer, die beeld van 'n gevangene wat deur 'n klein venstertjie die strale van die son slegs in beperkte mate sien skitter maar met sy oë tog geen twyfelagtige glans opvang nie. Die toepassing is duidelik: Al kan 'n mens weens eie kortsigtigheid God se barmhartigheid slegs 'n weinig verlig sien, is die verligting tog voldoende om 'n grondige gerustheid of sekerheid te verkry. [65]

Volgens Kromsigt, Graafland e.a. kan dus nie werklik by Calvyn 'n onderskeid tussen toevlugnemende en versekerde geloof gevind word nie. [66] Ernstige besware kan egter nie daarteen bestaan as daarmee 'n begin en 'n voortgang, 'n groei van die geloofsekerheid dus, gesuggereer word nie. [67]

5.0 <u>Geloof is stryd</u>

Om in die geloof te groei vra stryd. Dit is 'n stryd wat met veel twyfel en bekommernisse gepaard gaan. Calvyn wys tereg daarop dat wanneer geleer word dat die geloof seker en onbekommerd moet wees, dit nie 'n

---

62. Loc. cit.; vgl. ook Rom. 1:17.

63. Loc. cit.; Inst. III, 2, 3 en 4.

64. Graafland, C., op. cit., p. 41.

65. Calvyn, Institusie III, 2, 19.

66. Vgl. Kromsigt, P.J. Calvijns leer aangaande het geloof. (<u>In</u> Troffel en zwaard, 1917, p. 253) aangehaal deur Graafland, op. cit., p. 41.

67. Vgl. Dordtse Leerreëls: I, 16; vgl. ook Wiersinga, op. cit., p. 66.

sekerheid impliseer wat deur geen enkele twyfelvraag geraak word nie, en ook nie 'n gerustheid wat nooit deur kommer aangeval word nie. Nee, die gelowiges het voortdurend 'n stryd met hulle eie gebrek aan vertroue.[68] Die Skrif getuig ook "dat die gelowiges in hierdie lewe teen verskillende twyfelinge van die vlees stry en, as hulle in sware aanvegtinge kom, nie altyd hierdie volle vertroue van die geloof en hierdie sekerheid van volharding gevoel nie".[69]

Die twyfel en kommer is uit die oue mens, die sekerheid en vertroue uit die wedergebore, die nuwe mens. In hierdie lewe is die gelowige se geloof nooit volmaak nie. Nooit word die ware gelowige egter ongelowig nie. Die einde van die stryd is altyd 'n oorwinning van die geloof oor die moeilikhede wat dit aangeval het.[70]

In dié stryd moet die gelowige stry met die Woord en God se beloftes as wapens, sodat as die geloof aangeveg word die Woord die versekering van God se goedheid daarteenoor kan betuig en ook die feite kan lewer waarmee die twyfelvrae afdoende beantwoord kan word. Uit die stryd kom die geloof sterker te voorskyn as dit met die Woord en gebed gestry word.

Dat geloof stryd is, staan dus hoegenaamd nie in teenstelling met die feit dat dit sekerheid is nie.

---------

68. Calvyn, soos aangehaal deur Wiersinga, op. cit., p. 64.

69. Dordtse Leerreëls, V, 11.

70. Wiersinga, op. cit., p. 65.

B

## DIE WEG TOT GELOOFSEKERHEID BEOORDEEL VANUIT GEREFORMEERDE GESIGSPUNT

In hierdie afdeling moet verskeie rigtings geweeg word, rigtings wat die een 'n uitnemender weg as die ander (om tot geloofsekerheid te kom) wil aanwys. Dit gaan hier nie maar net om die aanvang van die geloof nie, maar ook oor die vraag hoe 'n mens uit sy twyfel tot sekerheid kom.

### 1.0 Die metode van bewyslewering

### 1.1 Kenskets

Hierdie metode probeer die mens langs verstandelike en wetenskaplike weg tot oortuiging te bring. Bewys moet vir God se bestaan gelewer word, vir die selfstandigheid van die siel, vir sy onsterflikheid, vir die waarheid van die natuurlike Godskennis, dat die Bybel inderdaad die Woord van God is, dat Jesus Christus 'n historiese Persoon is; ook moet die geloofwaardigheid van die apostels, voorspellings en wonders van die Heilige Skrif wat betwyfel word, bewys word, en so nog meer.

### 1.2 Beoordeling

Die profete, apostels en ook Jesus het meermale langs dié weg hulle hoorders tot die geloof of tot sekerheid probeer beweeg. Daarom kan dit nie 'n verbode, ontoeganklike of onprofytlike weg wees nie. Eerder is dit die roeping van gelowiges om ook op wetenskaplike terrein rekenskap te gee van die hoop wat in hulle is en sodoende die vyand se aanvalle met bewyslewering af te slaan. [71] Dit is 'n metode wat die dosent in Godsdiensonderrig ook veelal met vrug sal gebruik. Al mag bewyse nie genoegsaam wees om iemand tot geloofsekerheid in die Christelike waarhede te beweeg nie [72],

---

71. Bavinck, H., op. cit., pp. 61-68; vgl. ook Brillenburg-Wurth & Wiersinga, W.A. Het Evangelie in een ontkerstende wereld, p. 153 e.v.

72. Brillenburg-Wurth, G. De bekering, p. 106.

is dit aan die anderkant ewe seker dat die geloof aan die waarheid geen reg van bestaan sou hê as die onhistoriese karakter van die openbaring aangetoon kan word. Want die geloof is nie net vertroue nie; dit is ook 'n ken en toestem "en kan bij kunstig verdichte fabelen niet leven". [73]

As die bewyslewering in elk geval nie voldoende is om 'n mens tot geloof te beweeg nie, watter nut het dit dan? Daarop moet dan geantwoord word dat bewyse vir die goddelike getuienis van die Skrif minstens hierdie waarde het dat dit aan die lig bring dat dit nie onredelik of ongerymd is om te glo nie.

Feit bly dat alle bewyslewering, weens die subjektiewe gesteldheid van die ongelowige of twyfelende menslike hart, ongenoegsaam is om die mens tot geloofsekerheid te beweeg. Religieus het dié metode dus min waarde, al is dit in die wetenskaplike stryd van belang, want die religieuse lewe word daardeur nie gevoed nie en is ook nie daarop gegrond nie. Dit is so omdat die openbaring, hoewel dit ook historie is en as sodanig bestaan uit bewysbare feite en gebeure, beheers word deur 'n besondere Godsgedagte. Daar werk dus goddelike kragte daarin. Die historie kan slegs korrek geïnterpreteer word as dit vanuit die sentrale Godsgedagte besien word. [74]

Uit die besondere karakter van die openbaring volg dan duidelik en regstreeks dat verstandelike, wetenskaplike bewyslewering onvoldoende is om die waarheid van die Christelike religie op dieselfde wyse vas te stel en bo alle redelike twyfel te verhef as wat 'n mens met 'n gewoon historiese gebeurtenis sou doen. Hoogstens kan dit 'n mens beweeg tot 'n historiese geloof, want historiese geloof maak van die openbaring gewone geskiedenis. [75]

Die Hervorming het helder aan die lig gebring dat die openbaring nie maar 'n verhaal van gebeurtenisse

---

73. Bavinck, H., op. cit., p. 53; vgl. ook Aalders, W.J. Twijfel en geloof, p. 206.

74. De Klerk, W.J. Grondpatrone van die Bybel; vgl. die grondpatrone, pp. 12-19.

75. Bavinck, H., op. cit., p. 67.

in die verlede is nie maar woord van God aan ons. (Terloops moet hier gewys word op die implikasie vir die inhoud van Godsdiensonderrig, naamlik dat 'n studie gemaak moet word van Openbaringsgeskiedenis en nie maar net van die historiese feite nie.) Daarmee in ooreenstemming is die ware geloof dan nie maar net 'n vir waar hou van geskiedkundige berigte nie maar 'n vertroue van die hart op die evangelie van heil. In ooreenstemming met so 'n heel persoonlike vertrouensverhouding van die mens tot God is die weg tot geloofsekerheid dan ook nie 'n kil verstandelike, wetenskaplike weg nie. Die metode van bewyslewering het slegs betreklike waarde en wel by die verwydering van allerlei intellektuele moeilikhede wat die koms tot sekerheid belemmer. [76)]

## 2.0 Die metode van ervaring (Schleiermacher)

### 2.1 Kenskets

As gevolg van bogenoemde argumente teen die metode van bewyslewering het verskeie teoloë - onder invloed van Schleiermacher [77)] - 'n ander metode aanbeveel om die waarheid van die Christelike godsdiens te betuig én die mens tot geloofsekerheid te bring. Dit is naamlik die ervaringsmetode.

Hiervolgens dra die openbaring 'n eie karakter, is dit geen inbegrip van wetenskaplike stellings wat deur bewyse vir die verstand aanneemlik gemaak kan word nie. Dis nie genoeg dat die hoof instemming betuig nie. Nee, die openbaring is lewe, dit bevat 'n religieus-etiese inhoud en dien om die mens wys te maak tot saligheid, om hom onafhanklik van die wêreld te maak en vry tot die heerlikheid van God se kinders. [78)] Die waarheid van die openbaring kan daarom nie net deur die verstand van die mens erken word nie, want dit is gewete, hart en wil van die mens wat dit kan erken. Die

---

76. Brillenburg-Wurth, C. De bekering, p. 106.

77. Bavinck, H., op. cit., p. 68.

78. Id, p. 69 e.v.; vgl. Bavinck vir my kensketsing van die metode van ervaring.

waarheid daarvan moet prakties ervaar, bevindelik geken en in die siel deurleef word. Die Evangelie rig hom nie in die eerste plek tot die mens as redelike nie maar as sedelike wese. Die mens word voor 'n etiese keuse gestel om òf aan die wêreld onderworpe te bly òf om 'n nuwe lewe deelagtig te word. Wie laasgenoemde keuse doen (en dus die beeld van Christus op hom laat inwerk) doen die salige ervaring op dat die Evangelie die gewete troos, die hart bevredig en die wil sterk. Diesulkes word deur die ervaring van die waarheid verseker van die waarheid van die Christelike godsdiens, die genade van God en hulle eie burgerskap in die Koninkryk van die hemele.

Daar is onder die voorstanders van hierdie metode groot verskil ten opsigte van die vraag na die karakter en inhoud van dié ervaring. In hoofsaak is daar drie denkrigtings:

a) Sommige dink aan 'n ervaring van 'n buitengewone werking van die Heilige Gees;

b) ander dink weer aan 'n ervaring wat produk is van die beeld van Christus soos dit ons in die Skrif toespreek en in die gemeente voortleef;

c) nog ander sien dit as 'n ontwikkeling van die godsdienstige, sedelike ervaringe wat elke mens van tyd tot tyd in gewete en hart beleef.

## 2.2 Beoordeling

### a) Schleiermacher se invloed

Met sy opsienbarende verklaring van 1799: "In der Religion steht die Idee von Gott nicht so hoch als Ihr meint" (Reden über die Religion) [79] het Schleiermacher miskien die grondslag gelê vir die metode van ervaring. Want hy het die geloof sodanig verinnerlik dat God daardeur ter syde geskuif is. Hierdie verinnerliking van die geloof, wat tegelykertyd ook 'n verskraling daarvan was [80], was die ouverture van 'n nuwe geloof wat "de behoefte niet kent het innerlijk te verlaten, het

---

79. Vgl. Van den Berg, J.H., op. cit., p. 20.

80. Id., p. 22.

geloof dat aan dit innerlijk trouw blijft en zich voedt met wat het daar vind." [81]

Uit dié verinnerliking van die geloof volg die metode van ervaring om die mens tot geloofsekerheid te bring. [82] Reeds vanweë sy oorsprong moet dié metode dus al bevraagteken word.

b) <u>Onderskeid tussen waarheid en dwaling</u>

Die uiteenlopende verskille (2.1(a), (b) en (c), hierbo genoem) oor die aard en inhoud van die ervaring maak dit nodig dat ons hier tussen waarheid en dwaling sal moet onderskei.

1. <u>Ervaring in die sin van waarneming deur sintuie</u>

   Sodanige ervaring bestaan nie op die terrein van die godsdienstige kennis nie, omdat die inhoud van die Christelike geloof (byvoorbeeld die volgende) vir waarneming nie vatbaar is nie: die persoon van Christus, die Triniteit, die vleeswording, die voldoening ens. [83]

2. <u>Ervaring in die sin van bevinding</u>

   Die Christelike geloof bring 'n rykdom van bevindinge met hom mee: 'n gevoel van skuld, bekommernis vanweë sonde, aanklag van die gewete, vrees vir die ewige dood, behoefte aan verlossing, hoop op God, vrede deur Christus, vertroosting, vreugde ens. Om Bavinck aan te haal: Van die diepste verbryseling af tot die saligste sielsverrukking toe, word deur die Christelike geloof in die hart gewek. [84]

   By 3.0 word meer hieroor gesê.

c) <u>Ervaring is nie die grond van geloof nie</u>

Alleen uit die feit dat sovele waarhede van die

---

81. Vgl. Van den Berg, J.H., op. cit., p. 23.

82. Bavinck, H., op. cit., p. 68.

83. Id., p. 71.

84. Id., p. 71.

Christelike geloof nie persoonlik ervaar kan word nie, is dit meteens duidelik dat ervaring nie die grond van geloofsekerheid kan wees nie. So byvoorbeeld [85] sal dié wat die leer van die Skrif oor die sonde nie glo nie en daarin geen openbaring van God erken nie ook nie deur die ervaring van skuldbesef getref word nie. Wie in Christus nie die Saligmaker van die wêreld bely nie, sal in sy bloed nie versoening vir sy sondes soek nie. Wie in die Heilige Gees nie glo nie, kom nie tot die ervaring van gemeenskap met Hom nie. Wie die bestaan van God in twyfel trek, kan nie roem in die vreugde van sy kind te wees nie.

Nie die ervaring ken God (in die eerste plek nie) maar wie tot God kom, moet glo dat Hy is en dat Hy 'n Beloner is van dié wat Hom soek. [86]

d) Die metode van ervaring is in stryd met die Skrif

Nêrens word in die Heilige Skrif geleer dat die objektiewe feite van die Christendom uit religieuse ervaring afgelei moet word nie. [87] Alle waarhede van die Christelike geloof kom juis nie binne die mens vandaan nie maar van buite aangesien dit Godsopenbaring is. Dit word alleen die menslike eiendom wanneer dit in kinderlike geloof aanvaar word. [88] Die Skrif leer wel 'n kenne, wat egter nie 'n kenne deur aanskouing, eie ondersoek, redeneringe en bewysvoering, waarneming, bevinding of eksperiment is nie; dus nie 'n kenne van aangesig tot aangesig nie, maar nogtans die mees geloofwaardige kennis, aangesien dit van God kom.

Eers wanneer die waarheid deur geloof leer ken en erken is, word allerlei ervaringe in die hart teweeg gebring wat 'n bydrae lewer tot die gevoel van sekerheid in die gelowige. Dan is die ervaring egter gevolg en nie oorsaak van of die weg na geloofsekerheid nie!

---

85. Id., p. 72. Bavinck se voorbeelde word hier gegee.

86. Hebr. 11:6.

87. Bavinck, H., op. cit., p. 74 e.v. Hy bewys hier die onhoudbaarheid van argumente wat wel sommige tekste wil aangryp om die ervaringsmetode te "bewys".

88. Matt. 18:3.

e) Die ongenoegsaamheid van die metode van ervaring

Volgens Herman Bavinck blyk die ongenoegsaamheid van die metode van ervaring daaruit dat beurtelings alles én niks daaruit afgelei kan word. [89] Religieuse aandoeninge en ervaringe word deur alle godsdienste by die aanhangers daarvan gewek. [90] Indien hierdie ervaringe en aandoeninge reg gee om tot die waarheid van die geloof en sy inhoud te besluit, dan sal elke "gelowige" sy besondere godsdiens, wat dit ook al mag wees, op grond van sy ervaring as waar aanvaar: die Boeddhis uit sý ervaring die waarheid van Nirvana; die Mohammedaan uit sý ervaring die realiteit van die sinnelike hemel; die Rooms-Katoliek uit sý religieuse gevoel die reg van die Maria-verering. En ten slotte sal almal saam met Von Zinzendorf as laaste grond vir hulle geloof aangee: "Es ist mir so, mein Herz sagt mir das". [91]

Die metode van ervaring as weg tot geloofsekerheid word vanuit gereformeerde gesigspunt beslis afgewys. By behandeling van die histories-pedagogiese faktore wat verband hou met twyfel [92] word op reste van die ervaringsteologie by die jeug gewys.

Op so 'n metode kan die Godsdiensonderrig hom nie verlaat nie.

3.0 Die metode van bevinding (die Piëtisme)

3.1 Kenskets

In die bespreking van die metode van ervaring is ook gewys op die ervaring as bevinding. [93] Sodoende is die noue verband tussen die metode van ervaring en die metode van bevinding van die Piëtisme reeds geopenbaar.

Hierdie metode het reaksionêr ontstaan. Tot in

---

89. Bavinck, H., op. cit., p. 76.

90. Bavinck, J.H. Religieus besef en Christelijk geloof, p. 103.

91. Bavinck, H., op. cit., p. 77.

92. Hfst. III, d.i. p. 111 e.v.

93. Vgl. supra 2.2 (b)(2); d.i. p. 57.

die Dordtse periode [94] het die Hervormers se blye toon van sekere kennis en vaste vertroue nog nageklink. Daarna begin daar egter geleidelik onsekerheid en vrees in die taal van die geloof kom. Die geloof van die 16e eeu gaan oor in die ortodoksie van die 17e eeu. [95] Die geloof word dan veelal nie meer bely nie maar die mens glo sy belydenis. Enersyds het hierdie ortodoksie die weg gebaan vir die Rasionalisme, maar andersyds het dit in die kring van die vromes wat aan verstandelike kennis nie genoeg gehad het nie reaksie ontlok. Hulle het in bevinding die wese van die godsaligheid gaan soek. [96] Dit het hoe langer hoe meer verloop in die Piëtisme.

Met die bevinding as grondslag van die geloof het die Piëtisme begin optree teen die dooie ortodoksie sonder om die objektiewe waarheid van die Christelike godsdiens daarmee in twyfel te trek. Later is dié metode van bevinding aanbeveel juis om mense wat die vastigheid of sekerheid van die geloof verloor het langs dié weg terug te bring. [97]

## 3.2 Beoordeling

### a) Verlies van die objektiewe waarheid

Hoewel die metode van bevinding trag om die religieuse karakter van die openbaring te handhaaf, maak dit die inhoud daarvan afhanklik van die bevinding van gelowiges en loop daarom gevaar om die objektiewe waarheid te verloor. [98] Deur voortdurende introspeksie word eerder twyfel, verwarring en moedeloosheid as sekerheid verkry. [99]

---

94. 1618/1619.

95. Vgl. Bavinck, H., op. cit., p. 43 e.v. se uiteensetting van die aanloop tot die Piëtisme.

96. Du Toit, S. Handleiding vir die studie van kerkgeskiedenis, p. 100.

97. Bavinck, H., op. cit., p. 77.

98. Id., p. 78.

99. Berkhof, L. Systematic theology, p. 508.

b) Hierdie metode is kind van die ongeloof

Die bevindingsmetode het na vore gekom nadat Immanuel Kant die kenvermoë tot die sintuiglik-waarneembare wêreld beperk en die historiese kritiek die waarheid van die Skrif in twyfel getrek het. Dis dus 'n kind van die ongeloof wat deur mense op die terrein van die geloof bruikbaar gemaak wil word. [100)]

c) Onbekwaam om twyfel te bekamp

Aalders het aangetoon dat "gezag is de machtige vyand van den twijfel". Daarop laat hy volg "dat dit gezag niet natuurlijk is, in dien zin, dat ieder mens het zonder meer uit de wereld kan aflezen of in zijn binnenste bevindt". [101)] Die oorwinning van twyfel of die bereiking van sekerheid rus op niks minder as 'n goddelike gesagswoord nie. Daarom moet die suiwere Woord aan die twyfelende jeug gebring word.

d) Verwaarlosing van die "in die wêreld" [102)]

Bavinck som dit treffend soos volg op: "Zij wil alles, de gansche wereld en bijna den geheelen mensch met zijn gewaarwording en waarneming, geheugen en verbeelding, verstand en rede aan de positivistische wetenschap overlaten, mits het haar vergund zij, om ergens diep in het hart van den mensch een kleine, bescheidene plaats voor het geloof te behouden". [103)] Daarom gee hulle bolwerk na bolwerk prys en laat die emansipasie en sekularisasie selfs op 'n groot gedeelte van die teologie en dogmatiek deursypel. Dit is na so 'n houding in ons land waarna Strauss verwys as hy verklaar: "Buite kerk en godsdiens is ons dus in hoofsaak vasgevang in die greep van die moderne ongeloof omdat ons die Woord van God en die koningskap van Christus veelal tot die gebied van die godsdiens afgeperk het." [104)]

---

100. Bavinck, H., op. cit., p. 77.

101. Aalders, W.J. Twijfel en geloof (In Aalders, W.J. e.a. Twijfel en geloof, p. 207).

102. Joh. 17:13.

103. Bavinck, H., op. cit., p. 78.

104. Strauss, H.J., op. cit., p. 13.

Onseker aangaande eie staat, het die Piëtis soveel met sy eie innerlike te make dat hy die moed en energie mis om sy oog na buite te wend en ook daar hervormingswerk te onderneem. Hy kan nie sekerheid kry nie, want - net soos by die vorige metode - soek hy dit in homself, en die wêreld daarbuite gee hy oor aan die dienaars van die wêreld. Die konsekwensie van so 'n houding is dan die afwesigheid van 'n Christelike pers, rolprent, wetenskap, hoër onderwys, volksonderwys ens. Die invloed hiervan op die jongmens se geloofsekerheid word in die volgende hoofstuk aangetoon. [105)]

4.0 Die metode van die Hernhuttisme

4.1 Kenskets

Die Hernhuttisme wil nie deur die Wet nie maar deur die Evangelie 'n weg vir die mensdom aanwys om tot geloofsekerheid te kom - nie deur die "donderslagen van Sinaï" nie maar deur die "lieflijke stem van Golgotha". [106)] In teenstelling met die sugtende, bekommerde Piëtis, is die Hernhutters 'n singende, juigende Christendom vir wie slegs die prediking van die "liewe Heiland" nodig is. 'n Lewende skildering van Christus se oneindige sondaarsliefde soos geopenbaar in sy bloed en wonde, lyde en sterwe maak 'n sterk indruk op die bewoë gemoedere. [107)] Hierby word die verlossingswerk van Christus en die vernuwende werk van die Heilige Gees verkondig.

Op dié wyse dan, "bewerk" deur die verkondiging van die kruis-evangelie en van sonde en skuld bevry, lei hulle voortaan 'n dankende, blymoedige en opgeruimde lewe wat gevoed en gesterk word - selfs tot 'n staat van perfeksionisme [108)] - deur die oordenking van Jesus se woorde, 'n ryk kultus en 'n skat van gevoelvolle liedere. [109)]

---

105. Vgl. hfst. III, 2.0; d.i. p. 89 e.v.

106. Bavinck, H., op. cit., p. 100. Bavinck se tipering van dié metode word hier gevolg.

107. Du Toit, S., op. cit., p. 101.

108. Vgl. Duvenage, S.C.W., op. cit., p. 199.

109. Bavinck, H., op. cit., p. 49.

4.2 Beoordeling

Die metode van die Hernhuttisme (wat meer bepaald tot die Lutherse kring behoort) [110] word saam beoordeel met die metode van die Metodisme (wat meer bepaald in die gereformeerde veld opgekom het) [111], aangesien dié twee veel gemeenskapliks het. [112]

## 5.0 Die Metodistiese weg tot geloofsekerheid

### 5.1 Kenskets [113]

Hierdie metode wil die siele deur 'n plotselinge skok opskrik uit hulle valse gerustheid en hulle deur 'n snelle ommekeer laat oorgaan van 'n gevoel van diepste ellende en wanhoop na geloofsekerheid en vreugde.

Hieruit volg dat daar aan die geloof 'n diepe skuldbesef vooraf moet gaan. Dié moet verwerklik word deur hartstogtelike preke of toesprake, deur 'n ontsettende skildering van dood en hel en deur aangrypende en sielroerende sang, waarop dan direk die prediking van genade volg. "Uit die hellevaart der zelfkennis stijgt de ziel terstond tot de hemelvaart der Godskennis op." [114]

Die geloof is daarom by die Metodisme terstond volle, vaste sekerheid. Die Metodis ken daarom dag en uur van sy bekering. [115] Self bekeerd, het hy nou ook geen groter roeping nie as om op die geskets te wyse in so 'n kort tyd soveel mense moontlik te bekeer. [116]

---

110. Du Toit, S., op. cit., p. 100.

111. Id., p. 103.

112. Brillenburg-Wurth, G. De bekering, p. 13.

113. Vgl. Bavinck, H., op. cit., p. 49 e.v.

114. Id., pp. 49, 50.

115. Brillenburg-Wurth, G. De bekering, p. 13; vgl. Bavinck, op. cit., p. 50 waar hy daarop wys dat Wesley op 24 Mei 1738 om presies 9.15 vm. tot bekering gekom het!

116. Bavinck, H., op. cit., p. 50; vgl. in dié verband ook die evangelisasie-rapport van die Engelse Kerke, aangehaal deur Brillenburg-Wurth. De bekering, p. 13, wat as opskrif het: "Towards the conversion of England."

Vandaar ook die groot opwekkingsdienste. [117)]

Aangesien die Metodis egter ook glo aan die moontlikheid van die afval van die gelowiges het hy nie finale sekerheid omtrent sy eindbestemming nie. [118)]

## 5.2 Beoordeling van die Hernhuttisme en Metodisme ten opsigte van metode om tot geloofsekerheid te kom

Hoewel beide rigtinge op die Christelike lewe 'n magtige invloed uitgeoefen het (en eg. rigting ook op lg. rigting [119)]) en 'n menige vrugte tot gevolg gehad het, soos sendingwerk, Bybelverspreiding, filantropie ens., [120)] is daar ook ernstige mistastinge.

### a) Eensydigheid

Net soos die Piëtisme hou nie een van hierdie twee rigtings voldoende rekening met die feit dat die Koningskap van Christus oor hemel én aarde, en ten opsigte van laasgenoemde oor alle terreine daarvan strek nie. Alle religieuse arbeid is beperk tot die enge grense van die kerklik-godsdienstige lewe. [121)] Die noodsaaklikheid van 'n ondersteunende Christelike omwêreld of maatskappy vir die Christen word nie besef nie.

### b) Menslike prestasie by die Metodisme

'n Besondere swaar aksent val op die menslike prestasies. Die mens moet tot oombliklike bekering beweeg word [122)], waarna hy spoedig tot geloofsekerheid moet kom en eventueel - reeds in hierdie lewe - tot moontlike sondeloosheid. [123)] Die opwekkingsbyeenkomste beoog buitengewone vermenigvuldiging van bekeerlinge, waaraan die leer van 'n "Christus pro omnibus" ten grondslag

---

117. Brillenburg-Wurth, G. De bekering, p. 13.

118. Berkhof, L., op. cit., p. 508.

119. Brillenburg-Wurth, G. De bekering, p. 14.

120. Bavinck, H., op. cit., p. 51.

121. Loc. cit.

122. Du Toit, S., op. cit., p. 104.

123. Du Toit, J.D. Het Methodisme, p. 104 - aangehaal deur Duvenage, S.C.W., op. cit., p. 35.

lê [124], maar dit is die werk van mense, wat in 'n verterende ywer daarop uit is om siele vir Christus te wen. Die Metodisme leer dus duidelik ook die vrye wil van die mens wat saamwerk met die goddelike genade, waardeur God van 'n deel van die eer wat Hom toekom, ontroof word. [125] Die Metodisme se metode is antroposentries: die mens en sy verlossing, in plaas van God, staan in die middelpunt. [126] 'n Mens kry werklik die indruk dat mense deur mense sondermeer tot geloofsekerheid gebring kan word. Daartoe is die Godsdiensonderrigdosent in sy werk beslis nie in staat nie!

## 6.0 Die weg tot geloofsekerheid beoordeel vanuit gereformeerde gesigspunt

### 6.1 Inleidend

Sover is enkele metodes wat in gebruik is waar die Woord gebring word, geweeg. In hoofsaak is die onderskeie metodes nie as aanbevelenswaardig beoordeel nie. Met gebruikmaking van die elemente van hoofstukke I en II (tot hiertoe) en met die besef dat dit, wat in beoordeling van verskillende metodes afgewys is, vermy moet word, moet nou beknop en uit die gesigspunt van die gereformeerde teologie gesoek word na die ware weg tot geloofsekerheid. Dat in dié proses noodwendig herhaling sal plaasvind van wat vroeër reeds gesê is, kan nie geheel-en-al vermy word nie.

### 6.2 Die gereformeerde beskouing

Gereformeerdes het die oortuiging dat daar 'n ander, beter weg is as die reeds genoemdes, naamlik die Skriftuurlike weg, waarlangs die mens tot geloofsekerheid gelei word.

Word aanvaar, soos aangetoon is in die hieraan voorafgaande paragrawe, dat die wyse waarop geloofsekerheid ontstaan nie met verstandelike redenering [127], of

---

124. Duvenage, S.C.W., op. cit., p. 36.

125. Loc. cit.

126. Brillenburg-Wurth, G. De bekering, p. 12.

127. Supra, B, 1.0; d.i. p. 53.

sedelike ervaring [128], of bevinding [129] verklaar kan word nie, en word gevolglik aanvaar dat die mens nooit die antwoord op hierdie saak kon geweet het as God dit nie aan hom geopenbaar het nie, dan volg hieruit vanself dat na die Skrif as Godsopenbaring gegaan moet word om lig te vind oor die ware weg tot geloofsekerheid.

Overduin wys tereg daarop dat die "alleen zaligmakende natuurwetenschappelijke methode" hier ook geen antwoord kan gee nie. [130] Wie vergeet dat die gereedskap van die natuurwetenskaplike terrein nie pas op die terrein van die geesteswetenskappe nie, wie vergeet dat elke saak 'n eie aard het en dat alles 'n eie weg vra, sal in die chaos van verskynsels geen uitweg sien nie en dus verdwaal. Ten opsigte van die geloofsekerheid geld nou dat dit verkry word volgens 'n eie weg wat God gekies het en wat in die Heilige Skrif geopenbaar is. Hierdie weg, wat ook die hoofinhoud van die Skrif is, is Christus Jesus [131], wat sê: "Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe". [132] Dit kom daarop neer dat Hy in die wêreld gekom het om sondaars salig te maak, en met hierdie boodskap tree die Evangelie in preek, onderrig ens. oud en jonk tegemoet en roep hulle op om te glo, om geloofsekerheid te hê. [133] Dit is God se metode of weg. [134] Dat die mens die Evangelie hoor en sodoende voor die noodsaaklikheid van geloofsekerheid gestel word, lê buite sy wil, want dit berus op 'n genadige beskikking van God. [135]

Hierdie belydenis dat die saligheid alleen in die Naam van Christus Jesus aan die mens gegee word, word bewerk deur die Heilige Gees wat die wêreld oortuig van

---

128. Supra, B, 2.0; d.i. p. 55.

129. Supra, B, 3.0; d.i. p. 59.

130. Overduin, J. Tact en contact, pp. 182-3.

131. Id., p. 183.

132. Joh. 14:6.

133. Bavinck, H., op. cit., p. 79.

134. Overduin, op. cit., p. 183.

135. Bavinck, H., op. cit., p. 80.

sonde, geregtigheid en oordeel. [136] Daarby kom dat God ook in die natuur Hom aan niemand onbetuig laat nie; Hy betuig Homself aan ons hart en gewete deur natuur en geskiedenis, deur "leven en lot" en hierdie getuienis is so magtig dat niemand dit kan negeer nie. [137]

Die geloof by die mens is uit die gehoor en die "gehoor is deur die Woord van God." [138] Op 'n ander plek lui dit: "Hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?" [139] Die geloof word gewek en gesterk in die weg van die verkondiging van die Woord. [140] Of dit nou prediking is of Godsdiensonderrig, die Heilige Gees werk langs die weg van die Woord geloofsekerheid.

Die Bybel sondermeer het egter geen sterker werking as 'n sedelike nie; dit kan indruk maak maar dit kan nie die hart verander nie. [141] Weliswaar is dit, om 'n Bybelse beeld te gebruik, nie maar "'n klinkende metaal" nie, want dit keer nooit ledig terug nie maar doen alles waartoe dit gestuur is. [142] Ook rig die Bybel hom nie, soos by wetenskaplike werke, tot die mens se verstand om daardeur ondersoek te word en daarná as die waarheid aanvaar of as dwaling verwerp te word nie. Want die Bybel verhef hom hoog bo ons insig, dien hom aan as 'n beoordelaar van die mens se gedagtes en mense. Ook rig die Bybel hom tot die mens in sy totaliteit, tot verstand en rede, hart en gewete, tot die mens in sy verborgenste faset, tot die mens in sy verhouding tot God. [143]

Volgens gereformeerde standpunt veronderstel die Skrif nie enige voorwaardelike verdienste by die mens waarop en waarna hy dan tot geloof kom of geloofseker is nie. Die Skrif veronderstel by die mens niks meer

---

136. Joh. 16:8.

137. Bavinck, H., op. cit., p. 81.

138. Rom. 10:17.

139. Rom. 10:14.

140. Overduin, op. cit., p. 184.

141. Bavinck, H., op. cit., p. 81.

142. Jes. 55:11.

143. Bavinck, H., op. cit., p. 82.

nie as dat hy 'n sondaar is wat aan saligheid behoefte het. Dié beloof die Skrif aan die mens en dié word in die weg van geloof aan die mens geskenk. Die Skrif stel dan ook geen eis van leeftyd of geslag nie; dit is algemeen-menslik en universeel. [144)]

Wel word die mens voor 'n keuse gestel wat nie uitgestel mag word nie. [145)] Dit beteken nie dat die mens gedwing word nie, want niemand kan teen sy wil glo nie. Hoewel die geloof 'n werksaamheid van die verstand is wat kennis het van die Woord wat daaraan gebring word, word dit deur die wil beweeg tot sekerheid en vertroue ten opsigte van die Evangelie. Iets of iemand moet die wil van die mens buig sodat dit die verstand kan beweeg tot aanvaarding van die Evangelie. Daarvoor is 'n nuwe hart nodig. [146)] Die ombuig van die wil of die verandering van die hart sodat die mens glo (met kennis, vertroue en sekerheid), kom deur die wedergeboorte en bekering. [147)]

Die wedergeboorte word nie deur 'n mens of deur die Bybel sonder meer bewerkstellig nie maar deur God wat wel 'n mens soms gebruik om die Woord te onderrig of te preek en die Woord as middel gebruik waardeur Hy 'n mens aanspreek, roep. Geloof bly dus vrug van God se werk by uitnemendheid "zijne kostelijkste en heerlijkste gave". [148)]

Hierop druk die ervaring van gelowiges 'n versekerende stempel. Let wel: Die geloof volg dus nie op die ervaring nie, maar die ervaring bevestig die geloof.

Die geloof wat die Heilige Gees in die mens se hart bewerk, is nie maar aanvanklik historiese geloof wat later met vertroue en sekerheid aangevul word nie. Dis van die begin af 'n religieuse gesindheid, 'n praktiese kenne, 'n toeëiening met sekerheid van die beloftes wat God die mens laat toekom. So 'n toeëiening

---

144. Bavinck, H., op. cit., p. 83.

145. Brillenburg-Wurth, G. De bekering, pp. 52-3.

146. Bavinck, H., op, cit., p. 85.

147. Brillenburg-Wurth. De bekering, p. 106.

148. Bavinck, H., op. cit., p. 87.

is alleen moontlik as die beloftes van God, die Woord dus, aan die mens gebring word. Hierdie Woord moet egter reg gebring word. Omdat die Bybel meer is as skone literatuur, meer as net historiese gebeure en sedelike voorbeelde moet die Bybel in sy volheid aan die mens gebring word, nl. as Godsopenbaring. [149)] Daarom sal 'n Bybelles ook meer as net geskiedenis, storie, moet wees. Die Bybel as geskiedenis is goed genoeg vir historiese geloof. Die ware geloof wil die Skrif as ware Woord van God ken. [150)]

Wie hierdie Woord aanneem, erken dat God waaragtig is en vertrou op sy beloftes. "Belofte en geloof", sê Bavinck, "zijn correlaat, en beantwoorden aan elkaar. Naarmate de Christen opwast, groeit hij vaster in dat Woord in, leert hij het beter te kennen en waarderen."[151)] Deur die geloof bou die Christen sy kennis van die waarheid op (met gebruikmaking van die geleenthede daartoe in huis, skool, kollege, universiteit, kerk ens.) en deur die geloof dring hy steeds dieper in in die geheime van die saligheid. So word die Woord die bron van sy kennis, die bril waardeur hy die werklikheid sien, die uitgangspunt van sy denke, reël van sy lewe, lig op sy pad en lamp vir sy voet, die rots waaraan hy hom vasklem [152)] en waar sy twyfel opgehef word. So verkry die Christen dan allereers <u>sekerheid van die waarheid</u>.

Aan die sekerheid van die waarheid het die Christen egter nie genoeg nie, want hy het veral behoefte aan <u>sekerheid omtrent sy saligheid</u>.

Dié twee sekerhede [153)], hoewel te onderskei, hang onderling ten nouste saam - die een bestaan nie sonder die ander nie. Net soos die wete, is die geloof nie alleen seker van sy voorwerp nie maar ook van sigself. Die egte, ware wete skakel alle twyfel aangaande homself uit, nie deur redenering, selfbespiegeling of logiese gevolgtrekking nie, maar dit kom tot sekerheid

---

149. Vgl. De Klerk, W.J., op. cit., p. 1 e.v.

150. Bavinck, H., op. cit., p. 89.

151. Loc. cit.

152. Id., p. 90.

153. Id.; vgl. Bavinck se beskouinge.

in die lig wat kennis oor die gekende objek laat oopgaan; want dié lig "valt onmiddellijk op haar zelve terug en verdrijft alle duisternis". [154] Op dieselfde wyse bring die geloof ook sy eie sekerheid mee.

Die geloof is 'n herstel van die regte verhouding tussen God en mens, die terugkeer van die vertroue wat 'n reggeaarde kind in sy Vader stel. In die gesindheid en gesteldheid van die siel, wat deur die Skrif "geloof" genoem word, lê die sekerheid vanself opgesluit. [155]

Allereers is dit dan sekerheid aangaande die waarheid van God se beloftes, maar dit is ook sekerheid dat ek die beloftes persoonlik deelagtig is. Laasgenoemde sekerheid lê van meet af aan opgesluit in die geloof en "komt er te harer tijd organisch uit voor. Geloof is zekerheid." [156] Hoewel Bavinck dit slegs ten opsigte van die sekerheid omtrent saligheid stel, kan dit ook van die sekerheid omtrent God se beloftes gesê word. Ons het hier te doen met subjektiewe en objektiewe sekerheid. In werklikheid, so het Wurth aangetoon is so 'n onderskeid nie suiwer nie. So byvoorbeeld is dit onmoontlik om in die geloof aan die Waarheid van God se woord te bly vashou en dan aan die persoonlike saligheid te twyfel [157], want die Woord verseker juis elkeen dat wie in Christus glo, gered word. Die subjektiewe twyfel is dan terselfdertyd objektiewe twyfel. [158] So is subjektiewe sekerheid dan ook alleen maar onderskeibaar van objektiewe sekerheid.

Dus: In dieselfde mate wat 'n mens die toevlugnemende geloof beoefen, het hy ook die versekerde geloof. Gevolglik is die toevlugnemende mens ook 'n mens wat in ooreenstemmende mate sekerheid het dat God die ewige, goedertierene God is. Die versekerde en toevlugnemende vertroue lê in mekaar opgesluit en

---

154. Bavinck, De zekerheid des geloofs, p. 90.

155. Id., p. 91.

156. Loc. cit.; vgl. ook supra p. 9.

157. Brillenburg-Wurth, G. Christelijke zielszorg, pp. 203-5.

158. De Bruyn, P.J., op. cit., p. 18.

ontwikkel ook in verband met mekaar. [159)]

Die uiteenhaal van die nou verbonde toevlugnemende en versekerde geloof waardeur sekerheid beskou word as iets wat eers aan die einde as 'n vrug van goeie werke, ervaring of bevinding verkry word, bring dié gevaar mee, naamlik dat die geloof geskei word van sy voorwerp en, soos Bavinck dit mooi stel, "tot bespieding en navorsching van zijn eigen ontwikkelingsgang" gebring word. [160)] Omdat die oog dan op die eie innerlike gehou word in plaas van op Christus het die mens geen vastigheid, geen geloofsekerheid nie.

Hieruit is opnuut duidelik hoe noodsaaklik 'n stewige grondslag vir geloofsekerheid is.

Dit is die Woord van God! Dit is nodig om daarby te weet dat geloof nie soos baard vanself groei nie (Kierkegaard); dit moet gevoed word. Die mens moet heilig, aktief die middele waardeur God versterking van geloof in die mens wil werk, opsoek en gebruik. Dit is benewens die genademiddele (Woord en sakramente), gebed, vasgryp van God se beloftes, bywoning van eredienste, gesprekke met medegelowiges, vas ens. waarin terselfdertyd die oorwinning oor die twyfel opgesluit lê.

Die onwankelbaarheid van so 'n grondslag deel homself mee aan dié wat hulle voete in die geloof daarop plaas. [161)] "Laat de plante des geloofs daarom maar wortelen in den bodem van de beloften Gods, zoo draagt zij de zekerheid vanzelve als vrucht. En hoe dieper en vaster het zijne wortelen in dien bodem inslaat, hoe krachtiger het opwast, hoe hooger het opschiet, hoe rijker het vruchten draagt." [162)]

Dit geld ook vir die onderwysstudent vir wie ons as ideaal stel: geloofsekerheid! Terselfdertyd is die gereformeerde siening van die weg tot geloofsekerheid die weg waarby die Godsdiensonderrig moet aansluit.

---

159. Bavinck, H., op. cit., p. 92.

160. Bavinck, H., op. cit., p. 74.

161. Id., p. 95; vgl. ook Visser, P., op. cit., p. 127.

162. Loc. cit.

C

## DIE ANTITETIESE ASPEK VAN GELOOFSEKERHEID, TE WETE TWYFEL

### 1.0 'n Bespreking van twyfel is wenslik

Hoër op is bevind: Geloof is sekerheid en sluit as sodanig alle twyfel uit. 163) Daarmee is dit meteens ook duidelik dat die teenstelling moet wees: geloof - twyfel. Dié twee staan in besonder noue verband aangesien die geloof altyd weer op die twyfel verower en daarteen verdedig moet word. 164) Twyfel is die antitese van geloof.

Dat in hierdie verhandeling op die twyfel-fenomeen dieper ingegaan moet word, is op grond van twee oorwegings wenslik:

a) Nadat geloofsekerheid in die voorgaande bespreek is (as die ideaal), word in hoofstukke III en IV gekom by 'n diagnose van die werklikheid, naamlik dat die geloofsekerheid, wat uit die nuwe mens opkom, aangeveg word deur twyfel wat uit die oue mens opkom.

b) Die lewensperiode wat in hierdie verhandeling ter sprake kom, naamlik van die onderwysstudent (laat-adolessensie) 165), is die periode waarin die mens met veel twyfel te kampe het. 166)

Om die stryd van die onderwysstudent na behore te verstaan, sal die volgende vrae beantwoord moet word:

Wat is twyfel? (Vorme van twyfel).
Hoe ontstaan twyfel?
Waartoe lei dit?
Waardeur word dit oorwin?

---

163. Hfst.I, B, 4.0; d.i. p. ; vgl. ook Bavinck, H., op. cit., p. 91.

164. Aalders, W.J. Twijfel en geloof (In Aalders, W.J. e.a. Twijfel en geloof, p. 143).

165. Vgl. Hall, G.S. Adolescence, p. 281.

166. Hoekstra, T. Twijfel, p. 54.

## 2.0 Benadering

Twyfel word hier in religieuse opsig bespreek. Dit gaan hier in die besonder om twyfel op die vertikale verhouding: mens-God. Daarom is die teenstelling dan ook nie twyfel-sekerheid nie, maar twyfel - geloof(sekerheid). "Men kan niet lang over den twijfel handelen", verklaar Aalders tereg, "of men komt er toe hem met het geloof te confronteren, zowel als onmiddellijke zekerheid, natuurlijke vertrouwen, als in den zin van de verzekerdheid, die in God is verankerd." 167)

Alvorens twyfel in religieuse opsig bespreek kan word, sal egter eers aan twyfel in die algemeen aandag gegee word, aangesien die godsdienstig-sedelike twyfel van twyfel in die algemeen nie los te maak is nie. 168)

## 3.0 Wat is twyfel?

### 3.1 Twyfel in die algemeen

Onder die een begrip, twyfel, word allerlei onderling uiteenlopende verskynsels saamgevat waarvan dit nie seker is in hoeverre dit saamhang en tot een wortelverskynsel te herlei is nie. 169) Daarby is daar by teoloë en sielkundiges uiteenlopende uitsprake oor die wese van twyfel te vinde.

Daar is geen algemeen aanvaarde psigologie van die twyfel nie. 170)

Volgens Rümke is twyfel nie een van die volgende nie: onsekerheid, aarseling, wisselvalligheid, radeloosheid, verbystering, wanhoop, gebrekkige selfvertroue. 171)

---

167. Aalders, op. cit., p. 144; vgl. ook Van der Leeuw: Fenomenologie van de twijfel (In Aalders, W.J. e.a. Geloof en twijfel, p. 72).

168. Vgl. Rümke, H.C. Psychologie van den twijfel (In Aalders, W.J. e.a. Geloof en twijfel, p. 11). Daar moet nietemin in gedagte gehou word: "Over twijfel als psychisch verschijnsel is in de psychologische en psychiatrische literatuur betrekkelijk weinig te vinden."

169. Vgl. Brillenburg-Wurth, G. Christelijke zielszorg, p. 182.

170. Rümke, H.C., op. cit., pp. 11 en 41.

171. Id., pp. 13-15; vgl. hier Rümke se volledige argumentasie waardeur hy aantoon dat twyfel van genoemde toestande verskil.

In vertwyfeling, die eindpunt van volgehoue twyfel, is die mens "zijn geloof in de ruimste en engste zin kwijt" en daaruit is dit duidelik dat twyfel van al die voorgenoemde toestande verskil.

Hoewel Wurth en andere blykbaar dit nie nodig vind om tussen onsekerheid en twyfel te onderskei nie [172], wys Rümke 'n wesenlike verskil tussen die twee aan. Twyfel is prinsipieel nie deur argumente op te hef nie; onsekerheid wel. Dit wil sê 'n mens kan aan die juistheid van 'n saak twyfel ofskoon alle argumente en gegewens juis die juistheid daarvan benadruk. Of 'n persoon kan sekerheid hê aangaande die juistheid van 'n oplossing vir 'n probleem en nogtans bly twyfel. Die twyfel kan teen alle argumente of inligting in bly bestaan. [173] Daarom kan bewyslewering nie die weg tot geloofsekerheid wees nie.

So 'n onderskeid tussen onsekerheid en twyfel is om twee redes van belang.

1) Uit so 'n onderskeid vloei voort dat nie sekerheid sondermeer teenoor twyfel staan nie maar 'n besef of gevoel van werklikheid of waarheid van 'n saak. [174] Hierdie waarheidsgevoel of werklikheidsbesef is die mens se geloof in 'n saak. [175] Teenoor die twyfel staan die geloof dus, wat sekerheid is. Twyfel is 'n tekort aan waarheidsgevoel, werklikheidsbesef. Die geloof is nie sterk genoeg nie.

2) Uit so 'n onderskeid vloei ook voort dat die twyfel meer eksistensieel is; dit is nie maar net tot die verstand beperk nie maar raak ook gevoel en wil, anders sou dit, soos in die geval van onsekerheid, deur goeie argumente of self net deur inligting, beëindig kon word. Uit die bespreking van

---

172. Brillenburg-Wurth, G. Christelijke zielszorg, p. 184 e.v.; vgl. ook De Bruyn, P.J., op. cit., p. 9.

173. Rümke, H.C., op. cit., p. 16.

174. Vgl. Hoekstra, T., op. cit., p. 14 e.v.; vgl. ook Rümke, H.C., op. cit., p. 16 e.v.

175. Rümke, op. cit., p. 41.

die metode van bewyslewering [176] blyk afdoende dat twyfel nie deur argumente (op verstandelike vlak alleen dus) opgehef kan word nie.

Introspeksie en invoeling leer verder dat twyfel oppervlakkig kan wees maar ook so kernagtig dat dit die "ek" so totaal in beslag neem dat 'n vertwyfelde mens ontstaan. Dit is dan die eindpunt van twyfel as die twyfel nie teengegaan word nie. [177] Kierkegaard noem vertwyfeling 'n siekte tot die dood toe. [178] Ook hierdie uiterste vorm van twyfel is 'n twyfel aan werklikhied of waarheid. [179]

Hieruit moet egter nie afgelei word dat die mens wat twyfel 'n ongelowige is of geen geloof het nie. Stekel wys tereg daarop dat die twyfelaar geen ongelowige is nie, maar hy stry teen die geloof wat hy nog het. [180] Daarby moet gevoeg word dat die twyfelaar se stryd ook teen die ongeloof kan wees.

Die twyfel kan aktueel, d.w.s. werklik wees, of dit kan ook van sy werklike sin ontledig wees, wanneer dit 'n lewenshouding geword het. Die twyfel word dan gebruik as 'n pantser, of dit staan in diens van aggressiwiteit teen ander se oortuigings, of dit vloei voort uit die neiging om dit wat vir 'n ander waardevol is waardeloos te maak. [181] Dit is dan 'n "would-be-twijfel". [182]

Twyfel is ook 'n onlusgevoel. "Er komt in de emotioneele zone van het zieleleven onzekerheid, een slingeren, een tegen elkaar wegen van gronden en tegengronden ..." en dié "doet pijn". [183]

---

176. Vgl. supra p.53.

177. Brillenburg-Wurth, G., op. cit., pp. 182-3.

178. Vgl. Zuidema, S.U. oor Kierkegaard (In Denkers van deze tijd, pp. 24-9).

179. Rümke, op. cit., p. 17.

180. Id., p. 22.

181. Hoekstra, T. op. cit., p. 43; vgl. Rümke, op. cit., p. 18.

182. Hoekstra, op. cit., p. 36.

183. Id., p. 35.

Die gebrekkige werklikheidsbesef of waarheidsgevoel is die gevolg van disharmonie, byvoorbeeld tussen logiese redenering en intuïtiewe aanvoeling. Die ontstaan van so 'n gebrekkige waarheidsgevoel kan dus gewyt word aan die feit "dasz zwei entgegengesetzte Möchlichkeiten das Gemüt mit gröszerer oder geringerer Heftigkeit nach entgegengesetzte Richtungen ziehen" [184), of, soos Rümke dit noem, weens 'n botsing van twee sfere. [185)

Stryd is daarom 'n onvermydelike vrug van die twyfel.

Na hierdie kort skets van twyfel in die algemeen moet vervolgens aandag gegee word aan twyfel op godsdienstige gebied en wel hoofsaaklik vanuit teologiese gesigspunt.

## 3.2 Wat is religieuse twyfel?

Naas algemene twyfel is daar 'n twyfel waarin die mens enersyds van God nie loskom nie en andersyds tog ook weer nie behoorlik aan Hom kan bly vashou nie. [186) Daar is 'n gedeeldheid in dié mens. Hy is, in die woorde van Jakobus, "'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë" [187), 'n tweeheid! Omdat so 'n mens oneens is met homself en met wat geopenbaar is, ontwaak die twyfel en stel dit die vraag na die betrekking tussen die een en die ander. Op sigself is 'n vraag nog nie twyfel nie. Dan sou kritiek, ondersoek, beoordeling ens. ook twyfel wees. Maar hierdie drie het 'n vastepunt, 'n norm wat seker is as uitgangspunt. Dit wil beproef, opbou ens. [188)

Twyfel daarenteen kom voort uit 'n gees van verset en verweer; dit is wantrouend en afbrekend. Dis 'n dodelik ernstige lewenswerklikheid waarteen die mens in sy godsdiens moet stry, want dit kom van die Bose.

---

184. Höffding aangehaal deur Rümke, op. cit., p. 18.

185. Rümke, op. cit., p. 19.

186. Brillenburg-Wurth, G. Christelijke zielszorg, p. 183.

187. Jak. 1:6, 8.

188. Aalders, W.J., op. cit., p. 157-9.

As dit nie bestry word nie, word dit twyfelsug en twyfelmoedigheid en lei dit eventueel tot vertwyfeling. Die twyfelende mens is dit nie maar net in die algemene dinge oneens met homself en met die wêreld nie maar ook met God. [189)]

Die twyfel ten aansien van God beteken gebrek aan vertroue in alles wat van God kom. Maar omdat die mens "nothing in itself" is [190)], daarom is dit dan dat die onenigheid met God hom wreek in alle lewensverhoudinge waarin die mens staan. So raak die twyfel dan [191)]:

a) Die mens: die eenheid van sy persoon; die suiwerheid van sy rede; die krag van sy wil en die betroubaarheid van sy sintuie. [192)]

b) Die verhouding tussen mens en mens: die onskendbaarheid van sedelike verpligtinge teenoor die roepstem van die begeerte, die drif [193)] of die selfsug.

c) Dit raak ook die omwêreld: Is dit 'n geordende, geskape geheel wat nog onderhou word deur die Skepper, 'n kosmos waarvan die mens die wette naspeur en moet eerbiedig, OF is dit chaos, 'n massa, 'n wisselende mengeling van verskynsels sonder orde en sin, die produkte van 'n ewolusieproses? (Vergelyk die rol van die tydsgees hier.)

Die godsdienstige twyfel is dus die onenigheid met God, die naaste en die Skepping, die disharmonie, die gebrek aan waarheidsgevoel wat alle vastighede in lewens-

---

189. Vgl. Id., p. 159.

190. Dooijeweerd, H. In the twilight of Western thought, p. 181.

191. Id., pp. 181-2; vgl. ook Aalders, W.J., op. cit., p. 160 e.v.

192. Vgl. hfst. III, 4.0; d.i., p. 117.

193. Fénichel verklaar, aldus Rümke, op. cit., pp. 21-2 dat dit by die twyfel om 'n stryd tussen drifte gaan. Dit is egter 'n eensydige siening, want twyfel kan nie maar tot biologiese drifkonflikte sondermeer herlei word nie. Tog kan die rol wat die geslagsdrif byvoorbeeld op sedelike gebied t.o.v. twyfel speel nòg ontken nòg negeer word.

en wêreldbeskouing, in sedelikheid en in godsdiens bedreig en - as dit nie teengegaan word nie - dit mettertyd versteur.

Daar is 'n natuurlike samewerking tussen twyfel en sonde. In diepste sin is twyfel wantroue.[194] Dit isoleer sy slagoffer in elke opsig van die geestelike bindinge van sy bestaan; in elke opsig ... want dis nie net 'n saak van die verstand nie, al maak dit by voorkeur en ruimskoots van die denke gebruik, omdat dit nou eenmaal die aangewese middel is om te onderskei en te ontbind wat in werklikheid een is. Omdat ook gevoel en wil, hoof én hart én hand deur die twyfel geraak word, bring dit in die godsdiens en sedelikheid, soos op ander terreine, mee: verlies van sin van maat en orde, onewewigtigheid, aarseling, wisselvalligheid, onsekerheid en onvastheid. Dit spreek dus vanself dat die twyfel gepaard gaan met wantroue, vrees, sorge, soms angs, ongedurigheid ens.[195]

So 'n onvastheid in die sedelik-godsdienstige lewe van 'n mens kan as uitgangspunt geneem word. Dan word onvastheid as uitgangspunt 'n vastigheid. Vandaar dat die twyfel, teoreties volgehoue, tot skepsis lei.[196]

3.3 <u>Verskillende vorme van twyfel</u>

Verskillende soorte of vorme van twyfel doen hulle voor by verskillende mense. Hoe die twyfel hom voordoen, hang ten nouste saam met karakter, persoonlikheid, geskiedenis en ervaringe van die persoon.[197]

1) <u>Objektiewe en subjektiewe twyfel</u>[198]

Onder objektiewe twyfel word verstaan dat 'n persoon byvoorbeeld aan die bestaan van God, aan die volle

---

194. Aalders, W.J., op. cit., p. 170.

195. Id., p. 171; vgl. Hfst. III, 4.0; d.i. p. 117 e.v.

196. Loc. cit.

197. De Bruyn, P.J., op. cit., p. 17.

198. Vgl. Brillenburg-Wurth, G. Christelijke zielszorg, p. 203 e.v.; vgl. ook De Bruyn, P.J. op. cit., pp. 17-8; ook Aalders, W.J. op. cit. en Sevenster op. cit., p. 129 e.v. gee blyke van so 'n indeling te volg. Eg. twee keur dié indeling af.

waarheid van die Bybel ens. twyfel. Subjektiewe twyfel sou bestaan wanneer 'n persoon die bestaan van God erken, die egtheid van die Bybel aanvaar, maar twyfel of die genadige beloftes van God ook vir hom persoonlik geld. Subjektiewe twyfel kom byvoorbeeld uit in die vraag: Is ek 'n uitverkorene?

Teen so 'n onderskeid bestaan bedenkinge. Dit is byvoorbeeld onmoontlik om te glo dat God waaragtig en dat die Bybel eg en waar is en dan tog nog aan die persoonlike saligheid te twyfel, want die Woord gee juis die versekering dat wie in Christus glo, gered word. [199] Die subjektiewe twyfel is dus terselfdertyd objektiewe twyfel: dit is twyfel aan God, aan sy trou en aan die waarheid van sy Woord. [200]

Nie alleen om rede van teoretiese oorweging nie maar om rede van praktiese oorweging moet bg. onderskeid laat vaar word: Vir die twyfelende is dit belangrik om te weet dat sy sogenaamde subjektiewe twyfel ten diepste ook objektiewe twyfel is - 'n sondige wantroue jeens God.

2) <u>Teoretiese of intellektuele twyfel</u>

Hoewel soms deur mense beweer word dat hulle religieuse twyfel slegs 'n teoretiese of intellektuele twyfel is, kan hulle nie gelyk gegee word nie. Buite die godsdiens mag 'n teoretiese twyfel miskien moontlik wees, maar in die godsdiens is dit onmoontlik aangesien die godsdiens die mens in sy totaliteit raak. Eweneens, soos reeds aangetoon, raak die twyfel nie net die verstand nie maar die hele wese van die mens. Dit is onmoontlik om met die hart in God te glo en met die verstand aan sy bestaan te twyfel.

'n Persoon wat dus "teoreties" twyfel is òf besig met twyfel as skerts of spel [201] òf as 'n masker, òf hy twyfel met sy hele wese. [202]

---

199. Joh. 3:16.

200. Brillenburg-Wurth, G. Christelijke zielszorg, p. 204-5.

201. Aalders, W.J., op. cit., p. 162.

202. Vgl. De Bruyn, op. cit., p. 18.

3) Teleurstellingstwyfel

Wanneer sommige se ernstige en volgehoue gebede nie soos en wanneer hulle dit verwag, verhoor word nie, groei daar in sulke persone 'n "teleurstelling" in God wat twyfel in God se bestaan of in sy goedheid ens. tot gevolg kan hê. Hoewel dit meestal tydelik van aard is, kan dit nietemin 'n persoon in ernstige sielestryd laat beland. So 'n twyfelaar moet leer dat God se gedagtes hoër as die mens s'n is. [203)] Waarskynlik het hy nog nooit na die voorbeeld van die Here Jesus leer sê: "Laat U wil geskied." [204)]

4) Twyfel as masker

Die twyfel kan dien as 'n masker waarmee die eintlike sielsprobleem of sonde gekamoefleer word, sy dit wantroue aan die waaragtigheid van God, of wêreldgelykvormigheid of ongehoorsaamheid ens. [205)]

Dit is niks anders as nog 'n vorm van die twyfel wat van sy werklike sin ontledig is, waarna vroeër verwys is. [206)]

5) Skeptisisme

Wanneer die twyfel as uitgangspunt geneem word en dié onvastigheid dus 'n vaste uitgangspunt word, word die twyfel skepsis. Anders gestel: Waar die twyfelaar smag na sekerheid en vastigheid, wil die skeptikus juis alles bevraagteken. Dis 'n halstarrige twyfelsug wat nie na sekerheid verlang nie. "Hier", sê Wurth, "ontzinkt een mens alle grond onder zijn voeten." [207)] So 'n persoon se geloofslewe word deur die twyfelsug totaal geruïneer. [208)]

---

203. Vgl. De Bruyn, op. cit., p. 18.

204. Luk. 11:2.

205. De Bruyn, op. cit., p. 19.

206. Vgl. supra p. 79.

207. Brillenburg-Wurth, G. Christelijke zielszorg, p. 183.

208. De Bruyn, op. cit., p. 19.

6) Vertwyfeling

Dit is die logiese eindpunt van 'n proses wat by twyfel begin en via twyfelmoedigheid ontwikkel. Terwyl skeptisisme hoofsaaklik 'n intellektuele trek openbaar, raak vertwyfeling die mens in die wortel van sy eksistensie. Hier is sprake van wanhoop; alles het leeg en sinloos vir die vertwyfelde geword, terwyl sy hart daarna smag dat dit anders moet wees. [209)]

7) Verborge twyfel

Dit is die twyfel wat deur Sören Kierkegaard deur die diep indringende ontledinge in sy "Krankheit zum Tode" [210)] nader toegelig is, wat diep in die eksistensie van die "gelowige" vasgryp: die verborge twyfel. Die mens glo, maar iewers in sy geheimste denke is nog iets van 'n stille twyfel. Op beslissende momente van die lewe kies 'n mens daarom soms glad anders as wat van ons geloof verwag sou moes word. Hoewel te onderskei van ander vorme van twyfel is dit in wese dieselfde. Volgens Sevenster word op die verborge twyfel gedoel waar oor die onbesorgdheid in die Bergrede gespreek word. [211)] Wie werklik glo, hoef nie besorg te wees nie, want hy vertrou dat God 'n "hemelse Vader" vir sy eiendom sal wees. [212)]

8) Aanbevelenswaardige twyfel?

Rümke is oortuig dat daar 'n positiewe twyfel is. [213)] Ook glo hy "dat twijfel zelf niet een factor is in het ontstaan van ongeloof. Het tegendeel schijnt

---

209. De Bruyn, op. cit., pp. 19, 20.

210. Vgl. Zuidema, S.U. Kierkegaard (In Denkers van deze tijd, Deel I, pp. 24-9).

211. Matt. 6:25-31.

212. Sevenster, op. cit., p. 130.

213. Rümke, De psychologie van de twijfel, (In Aalders e.a. Twijfel en geloof, p. 34). Hy wys op die twyfel van Thomas as 'n voorbeeld. In die lig van Jesus se woorde was die twyfel van Thomas egter nouliks positief: "Salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het" (Joh. 20:29). Ook kan Rümke se suggestie dat Jakobus se opmerking oor die twyfel te kras is (1:6) nie aanvaar word sonder prysgawe van die betroubaarheid van die Skrif nie.

mij juister." [214] Later wysig hy egter sy standpunt ietwat as hy verklaar dat twyfel "allermins een factor behoeft te zijn in het ontstaan van ongeloof." [215] Hoewel hy ook 'n twyfel ken wat verlammend werk, is daar syns insiens ook 'n positiewe vorm van twyfel. [216] Dié positiewe twyfel ontstaan deurdat 'n steeds waaksame intuïsie waarsku dat 'n skynbaar objektiewe sekerheid nie werklikheid is nie. Die intuïsie bots met logiese redenering en lei dan tot verdere denke.

Die skeiding tussen negatiewe en positiewe twyfel is slegs 'n kunsmatige onderskeid. So kan twyfel wat aanvanklik negatief is later, by nabetragting, tog 'n positiewe funksie in die lewensontplooiing blyk te gehad het. Andersom kan die duidelike positiewe twyfel later blyk lewensbelemmerend te gewerk het omdat dit volgehou is.

Ons moet in die lig van die Skrif verklaar dat twyfel in godsdienstige opsig voortvloei uit die feit van 'n onvolmaakte mens-God verhouding en in wese afkeurenswaardig is. In die Skrif word twyfel altyd teenoor die geloof gestel. [217] En wat nie uit die geloof is nie, is sonde. [218]

Op grond van wat die Skrif sê, moet twyfel dan beskou word as 'n verskynsel wat nooit opkom uit die nuwe mens nie maar wel uit die oue mens. [219] Om hierdie rede moet alle godsdienstige twyfel met mag en krag bestry word. [220]

Hoe word dit dan verklaar dat die twyfel tog baie maal ten goede werk? Is daar nie tog positiewe twyfel nie? Nee; weliswaar kan God die twyfel ten goede

---

214. Rümke, H.C. Karakter en aanleg i.v.m. het ongeloof, p. 42.

215. Rümke, H.C. De psychologie van de twijfel (In Aalders, W.J. e.a. Twijfel en geloof, p. 35).

216. Id., p. 36.

217. Matt. 21:21; Rom. 4:20; Jak. 1:6.

218. Rom. 14:23.

219. Vgl. Hoekstra, T., op. cit., pp. 68, 69.

220. Vgl. De Bruyn, P.J., op. cit., p. 13.

laat meewerk. So kan Hy die gelowige deur twyfel van verstarring in sy geloofslewe bewaar of genees. So inisieer God 'n worsteling om nuwe vastighede in die mens. 221)

Hoewel dit deur die albeskikking van God 'n positiewe vrug kan dra, moet twyfel, sy dit sg. objektiewe of sg. subjektiewe twyfel, altyd as iets sondigs beskou word omdat dit ten diepste 'n wantroue in God en sy Woord is.

## 4.0 Hoe ontstaan twyfel?

Die faktore wat met twyfel verband hou, word in hoofstuk III bespreek. 222) Hier gaan dit nou net om 'n verklaring van die ontstaan van godsdienstige twyfel vanuit teologiese gesigspunt.

Godsdienstige twyfel is in wese wantroue in God. Dit is dus sonde. In dié verband moet ten aanvang gelet word op wat Aalders in verband met die verklaring van twyfel sê: "Wij blijven ... staan bij den Bijbel, die de zonde en ook wat wij kunnen noemen den nasleep daarvan, den twijfel, niet verklaart, maar juis als iets onverklaarbaars buiten de orde sluit, de goddelijke en de menselijke beide, een onverklaarbare indringsel, dat moet worden uitgedreven, een vreselijke wonder, waartegenover dan het goddelijke wonder der verlossing met te meer nadruk en gezag zijn licht uitstraalt". 223)

Hoewel 'n onverklaarbare saak, is daar tog drie ontstaansaspekte van die twyfel wat hier genoem moet word. 224)

a) Omdat godsdienstige twyfel sonde is, is daar 'n buitemenslike, demoniese, kosmiese mag, naamlik die duiwel hier werksaam. Dit maak twyfel se ontstaan - in die diepte gesien - eintlik onverklaarbaar.

b) Verder speel die vlees, d.i. meer bepaald die

---

221. Vgl. De Bruyn, op. cit., p. 13.

222. Vgl. hierna p.

223. Aalders, W.J., op. cit., p. 177.

224. Vgl. Id., pp. 177-8.

liggaamlike van mens-wees wat as sodanig nie verkeerd of gevaarlik is nie, ook 'n rol.

c) Derdens is daar ook die rol wat die wêreld speel, d.i. alles wat buite die mens bestaan wat die mens van God losmaak, wat dreig om 'n afgod te word, waarvoor die mens hom beywer en sodoende sy ware lewensdoel misloop.

Hierdie drie beteken versteuring van die orde in soverre die mens homself in die middelpunt plaas en, van God al hoe meer losgeraak, ook die natuurlike lewensbindinge loslaat. [225)]

Wanneer dit gebeur, tree twyfel in as 'n teenhanger van die geloof, van die vertroue, die natuurlike en geestelike verbondenheid en gebondenheid. Dit begin deur die gestalte van 'n vraag aan te neem maar dit is tog eintlik net bestaanbaar as daar aan die eerbied vir die voorwerp van die twyfel reeds iets skort. Sal iemand die waarde van die gebed in twyfel trek as God vir hom 'n lewende grootheid is? Daar moet reeds 'n sekere afstand wees tussen die twyfelaar en sy voorwerp om dergelike vrae in erns te stel.

Dus moet die gevolgtrekking gemaak word dat godsdienstige twyfel ontstaan weens die onvolmaaktheid van die verhouding mens-tot-God, d.i. weens 'n nie-volmaakte geloof.

## 5.0 <u>Waartoe lei die twyfel?</u>

Twyfel bly uiters selde net teoreties. Dit raak ook die praktyk. En volgens Aalders is dit veelal uit die praktyk gebore, d.w.s. kom die vrae op uit 'n onrustige en gesplete gemoed. [226)] Ook wanneer die twyfel hoofsaaklik verstandelik van aard is, kan dit nie nalaat om die gevoel en wil aan te tas nie en aan die lewe van so 'n mens "een zekere plooi" [227)] ge gee nie. Twyfel werk kwelling, weifeling, wantroue en afmatting in die hand [228)]; ook traagheid. [229)] Dit bring 'n innerlike

---

225. Loc. cit.

226. Vgl. Aalders, W.J. op. cit., p. 191.

227. Loc. cit.

228. De Bruyn, P.J., op. cit., p. 11.

229. Hoekstra, T., op. cit., p. 35.

disharmonie mee wat alles onvas en onseker vir so 'n mens laat word. Veelal bring dit ook vrees en angs mee en dit lei selfs tot geestelike vereensaming of isolasie. 230) Dit word 'n bose siklus: Wie hom isoleer staan vir die twyfel oop en wie twyfel word tot isolasie en vereensaming gedryf. Twyfel lei, as dit ongehinderd deurwerk, tot Godverlatenheid; daarenteen lei die geloof, as dit in sy krag is, tot vervul wees met God, tot entoesiasme en 'n oorvloedige lewe. 231)

Die twyfel is in sigself so negatief dat dit uit sigself nie 'n antwoord op sy vrae verwag nie. Tweërlei gevaar is die gevolg 232):

a) Die twyfel kan 'n houding word wat alles bevraagteken sonder werklike verwagting van 'n antwoord.

b) Of: die twyfel kan ook verstom en in moedeloosheid verloop, wat nie meer vra nie en hom (soms onbewus) afwend van die werklikheid en in eensaamheid en duisternis te staan kom.

So 'n werklikheidsontvlugting word soms gevind by opvoeders wat in gerieflike skemas vlug, wat gerieflik parate antwoorde op alle vrae kan verskaf maar die baie vrae van studente oor die sin en bestemming van dinge tog nie grondig en eerlik kan behandel nie.

Indien die twyfel nie met eerlike antwoorde teengegaan word nie, los die twyfel homself mettertyd op in vertwyfeling wat die logiese eindpunt is. Dit is die ophou-vra, loslatinge en geestelike dood.

By baie kom dit nie sover nie, maar hulle word tog deur die twyfel geleidelik uit die lewe weggedwing. Dit is dié wat langs die lewe met 'n besluitelose of skeptiese houding gaan staan sonder om die verantwoordelikhede van oordele en daad te aanvaar. Ook by die skeptikus word die twyfel chronies en eindig dit later in ontkenning. Ateïsme is die grimmige uiteinde van verduursaamde twyfel. Dit is die teenoorgestelde van volharding as verduursaamde geloof. 233)

---

230. Vgl. Aalders, W.J., op. cit., p. 190.

231. Vgl. Id., p. 219.

232. Vgl. Id., p. 192.

233. Vgl. supra p. 37.

In die lewe van die gelowige veroorsaak twyfel pyn. [234] Dit neem die sielevrede weg.

Samevattend: Die ewigheid ken nie twyfel nie. Hier op aarde sal die twyfel òf verstil voor 'n groeiende geloofsekerheid òf aangroei in die rigting van vertwyfeling.

## 6.0 Waardeur word godsdienstige twyfel oorwin?

Omdat die godsdienstige twyfel nie as 'n onpersoonlike verskynsel nie maar juis altyd in verband met 'n twyfelende persoon gesien word, is dit 'n lewenswerklikheid wat hom meester maak van verstand, wil en gevoel van die twyfelaar. Die vraag is nou hoe hierdie grimmige werklikheid teengewerk en oorwin kan word?

## 6.1 Argumentasie

Argumente wat die twyfel se onhoudbaarheid probeer bewys, word gewoonlik net met ander argumente begroet wat opkom uit die gesteldheid van die twyfelende mens. Dit is egter moontlik dat 'n persoon se selfgenoegsaamheid daardeur gebreek en verswak kan word. Redenering, bewysvoering, hoe belangrik dit ook mag wees, kan egter nooit op sigself oortuiging bring en innerlike krag skenk wat 'n persoon bo die twyfel verhef nie. [235]

## 6.2 Handeling

Aalders stel handeling, aksie, lewe teenoor twyfel, want dit maak 'n einde aan wik en weeg. [236] Dit is sekerlik so dat die lewe die natuurlike vyand van die twyfel is; dit wil sê: spel, ontspanning, arbeid, inspanning ens. Maar Aalders wys dan self daarop dat die twyfel uiteindelik alleen deur 'n hoëre mag verdryf kan word. [237]

---

234. Vgl. Hoekstra, T., op. cit., p. 36.

235. Vgl. supra p. 53 e.v.

236. Aalders, W.J., op. cit., p. 206.

237. Vgl. Id., p. 207.

## 6.3 Gesag

Gesag is die twyfel se magtigste vyand; d.i. gesag wat bind omdat dit hom as meerdere laat geld en sondermeer erken en aanvaar word. [238] Dis die gesag van Roeper teenoor geroepene. God wat alleen by magte is om aan die mens geloof te gee, is ook die Enigste wat by magte is om oorwinning oor die twyfel in harte te bewerk. [239]

## 6.4 Middele

Nou stel De Bruyn dit helder: "... net soos God die geloof deur bepaalde middele in ons werk en versterk, so wil Hy ook deur dieselfde middele ons geloof wat deur twyfel verswak is sodanig versterk dat ons die twyfel kan oorwin." [240] Ook die Dordtse Leerreëls verklaar dat God van middele gebruik maak om ons geloof te versterk. [241] Net so bind God die mens vir oorwinning oor twyfel aan die gebruik van bepaalde middele. Dit is veral die Woord van God [242]: die lees, oordenking en aanhoor daarvan; die "vermaninge (en) beloftes" [243] daarin vervat; die gebruik van die heilige sakramente (doop en nagmaal) [244] die gebed [245]; gereelde bywoning van eredienste; stigtelike gesprekke met medegelowiges; vas ens. Die gelowige word in genoemde belydenisskrif self aangesê om onder sulke moeilike omstandighede (soos in twyfelaanvegting) vlytig van genoemde middele gebruik te maak. [246]

So gesien is handeling dan inderdaad 'n roeping van die gelowige in tyd van twyfel. Die mens moet heilig-aktief die middele waardeur God versterking van

---

238. Loc. cit.

239. De Bruyn, op. cit., p. 59.

240. Loc. cit.

241. V, 14; vgl. ook supra p. 45 e.v.

242. Vgl. supra p. 46.

243. Dordtse Leerreëls V, 14.

244. Vgl. supra p. 47.

245. Vgl. supra p. 47.

246. Dordtse Leerreëls I, 16.

geloof in ons wil werk, opsoek en gebruik. 247) Dit kom daarop neer dat die gelowige in sy bewussyn sekerheid van sy verkiesing kan en sal kry deur erns te maak met die roeping wat God hom opgelê het. 248) Volgens De Bruyn is hierdie roeping dat ons moet stry en worstel om in alles aan God gehoorsaam te wees en moet doen wat Hy ons beveel. Ons moet ons oefen in die godsalig-heid. 249) Om so te leef veronderstel kennis van God se wil ('n studie van die Bybel) en dan gehoorsaamheid daarvolgens. Dis ons roeping.

"... as ons hierdie roeping vasmaak, waarlik erns daarmee maak, beweeg ons voort op die deur God gebaande weg waarlangs Hy ons in ons eie gemoed 'n steeds vaster oortuiging en sekerheid wil skenk dat ons waarlik aan Hom behoort." 250)

So word die twyfel dan oorwin langs die weg tot geloofsekerheid.

---

247. De Bruyn, op. cit., p. 60; vgl. Judas: 20.

248. Vgl. 2 Pet. 1:10.

249. 1 Tim. 4:7.

250. De Bruyn, op. cit., p. 62.